

Die storie: Vergewe en vergeet – vrede tussen vriende

Daar was 'n inkstreep dwarsoor my bladsy. Ek moes die werk oordoen. By die huis het hulle gesê ek moenie toelaat dat Uli my so hinder nie.

“Ek wil nie meer langs Uli sit nie,” het ek die volgende dag vir juffrou gesê.

“Waar wil jy dan sit, Petra?” vra sy.

“Langs Vernon.”

Ek het my boeke uit my bank gehaal en langs Vernon gaan sit. Ek het nie 'n woord met Uli gepraat nie. Uli het ook nie iets gesê nie. Hy het net daar gestaan en na my gekyk. Toe gaan sit Rudolf langs Uli. Ek het gewonder hoe lank dit sou uitwerk.

Die volgende dag het Rudolf geklik dat Uli die bank wikkkel, dat Uli aan hom stamp, dat hy sy uitveër vat en dat hy afkyk. Die simpel Rudolf het oor elke kleinigheidjie geklik. 'n Dag later het hy na 'n leë bank geskuif.

Chadley was lank siek. Hy het altyd langs Vernon gesit. Toe hy terugkom, wou hy natuurlik weer op sy ou plek sit. Ek weet self nie hoekom ek weer op my ou plek gaan sit het nie. Toe ek my goed wil uitpak, sê Uli: “ 'n Mens kan nie sommer net terugkom as 'n mens eenmaal weggegaan het nie.”

Ek het nie gedink Uli sal dit sê nie. Toe vra juffrou: “Wat sê jy, Petra?”

“Dit is so,” sê ek. Juffrou wou by my weet waar ek nou wil gaan sit.

“Ek sal vandag hier bly sit. Môre kan ek weer skuif.”

Niemand het weer daarvoor gepraat nie. Ook nie die volgende dag of op enige ander dag nie. Uli stamp nog steeds aan my en oor hom moet ek my werk oordoen, maar 'n mens kan party goed maar verduur. Vrede is belangriker.

Hardoplees

Storie: Vergewe en vergeet – Vrede tussen vriende.

Rubriek

Vloeiend lees en pousering:	1	2	3	4	5
Stemtoon en stembuiging:	1	2	3	4	5
Beklemtoning, hoorbaarheid en uitspraak:	1	2	3	4	5

Totaal: 15

/15

Graad 5

Afrikaans Huistaal

Augustus 2021

Vraestel 1

Afdeling B

Luister en praat

Die legende: Maskai, die muskietjagter van Malawi

- 1 Maskai was 'n lang, sterk man. Hy was deel van die Ngoni's, 'n sterk, ryk stam in Malawi.
- 2 Een somer het 'n klomp mense van die stam dodelik siek geword en gesterf. Maskai was bekommerd.
- 3 Een nag droom Maskai van duisende muskiete wat siekte oor die waters bring. Toe Maskai wakker word, weet hy dat hy die zoem van die muskiet moet keer.
- 4 Maskai het agtergekom dat lig muskiete aantrek. Hy het duisende vuurvliegies met nette gevang. Die nette het soos vuurballe gelyk. Maskai het die wortels van 'n krematartboom fyngekap en met die gif van 'n adder en 'n skerpioen gemeng.
- 5 Maskai het honderde vuurballe by die rivier opgesit. Miljoene muskiete het gekom en Maskai het die gifmengsel oor hulle gespuit. Binne sekondes was die gezoem tjoepstil.
- 6 Die mense het nie meer siek geword nie. Vandag word hy onthou as Maskai, die muskietjagter van Malawi wat die dodelike zoem kon stilmaak.

- 1 **Met watter probleem het die Ngoni's gesit?** /1
- 2 **Luister na paragraaf 5. Bespreek die ruimte.** /1
- 3 **Wie word as die held in hierdie legende beskou? Beskryf hoe hy die probleem waarmee die Ngosi's gesit het, opgelos het.** /2
- 4 **Wie is die hoofkarakter in hierdie luisterteks?** /1

Totaal: 5 /5

Praat

Legende: Die dapper matroos wat elke nag by die vuurtoring spook

Rubriek

Onderwerpgebonde, inhoud en interessant:	1	2	3	4	5
Vloeiend praat, stemtoon en stembuiging:	1	2	3	4	5
Beklemtoning, hoorbaarheid en uitspraak:	1	2	3	4	5

Totaal: 15 /15

GROOT TOTAAL: 20 /20

- 1 **Die mite:** 'n Gedeelte uit: Die Olimpiese Spele
- 1 Die Olimpiese Spele se oorsprong lê in antieke Griekeland.
- 2 Elke vier jaar het mans van regoor Griekeland na 'n atletiekfees in die weste van Griekeland gekom. Geen vroue is toegelaat om deel te neem nie. Hierdie fees is die Olimpiese Fees genoem, want die plek waar dit gehou is, se naam was Olimpia. Die fees het die Griekse oppergod, Zeus, vereer.
- 3 Die Grieke het alle spele baie ernstig opgeneem, maar veral atletiek. Hulle het geglo dat hul gode graag sterk, fikse en mooi geboude atlete wou sien. Om die gode se guns te wen, het die atlete maande lank geoefen, gesond geëet en hul lywe geolie sodat dit mooi kon lyk vir die gode. Die beste atlete van elke streek het by die Olimpiese Spele teen mekaar gekompeteer vir pryse en natuurlik ook vir die guns van die gode. Die items waaraan hul deelgeneem het was hardloop, verspring, diskusgooi en spiesgooi.
- 4 Slawe of wetsoortreders is nie toegelaat om deel te neem nie. Die meeste deelnemers was welaf, want hulle moes 'n afrigter betaal en 10 maande lank hul werk los om te oefen.
- 5 Die leuse van die Olimpiese Spele is: Vinniger, Hoër, Verder. 'n Krans van lourierblare is aanvanklik op 'n wenner se kop gesit, maar vandag kry die eerste drie atlete medaljes wat om hul nekke gehang word.
- 6 Voordat die Spele plaasvind, word 'n fakkelt in Griekeland aangesteek en dan word dit deur verskillende atlete na die stadion waar die Spele begin, geneem. Na 'n tyd het elke atleet die fakkelt aan 'n ander atleet oorhandig.
- 1.1 **Lees paragrawe 1&2. Bespreek die ruimte.** (2)
- 1.2 **Lees paragraaf 2. Waarom sou jy sê dat daar in die antieke Olimpiese Spele teen vroue gediskrimineer is?** (1)
- 1.3 **Noem op slegs TWEE maniere hoe die atlete die guns van die gode probeer wen het.** (2)
- 1.4 **Lees paragrawe 2&3. Waarom sou jy sê dat hierdie teks 'n voorbeeld van 'n mite is?** (1)
- 1.5 **Noem slegs EEN item waaraan die atlete deelgeneem het.** (1)
- 1.6 **Noem op slegs EEN manier hoe die antieke Olimpiese Spele van die hedendaagse Olimpiese Spele verskil.** (1)

2 Die instruksieteks: Maklike vrugteslaai

Instruksie

Maak 'n vrugteslaai.

Benodigdhede

- 'n Skerp mes
- 'n Vrugteslaaibak

Bestanddele

- 1 Papaja
- 4 Piesangs
- 1 Lemoen
- 1 Peer
- 1 Pynappel
- 2 Appels
- 2 Koejawels
- 'n Tros druiwe
- Vla / roomys

Metode

- 1 Skil die papaja, koejawels en pynappel.
- 2 Haal die pitte uit die papaja.
- 3 Sny daarna die papaja, koejawels en pynappel in klein blokkies.
- 4 Sny die druiwekorrels in die helfte deur.
- 5 Sny die appels en peer in kwarte.
- 6 Sny die stronkies van die appels en peer uit en sny in klein blokkies.
- 7 Skil die piesangs en sny in skyfies.
- 8 Gooi die bostaande vrugte in 'n vrugteslaaibak.
- 9 Sny die lemoen in die helfte deur en haal die pitte uit.
- 10 Druk die lemoensap oor die vrugte uit.
- 11 Meng al die vrugte goed.
- 12 Maak die vrugteslaaibak toe en plaas dit 'n uur lank in die yskas.
- 13 Bedien met vla of roomys.

- 2.1 **Verskaf die rede waarom ons instruksies 8 en 10 nie kan omruil nie.** (1)
- 2.2 **Watter EEN van die bostaande vrugte word nie in kleiner stukkie gesny om sodoende deel van die vrugteslaai uit te maak nie?** (1)
- 2.3 **Verskaf die rede waarom elke instruksie met 'n werkwoord begin.** (1)
- 2.4 **Waarom begin nie een instruksie met die woorde "Jy moet..." nie.** (1)

Totaal: 4

/4

3 Die gedig: Ronkie

1	“Daar’s ‘n katjie in die boom, hy sit daar in die dou. Daar’s ‘n katjie in die reën, hy kerm van die kou.	1 2 3 4
2	Daar’s ‘n katjie op ons stoep, hy vra om in te kom. Daar’s ‘n katjie voor ons deur, my hart is seer oor hom.	5 6 7 8
3	Ek maak die voordeur effe oop... En die katjie’s op die mat! Ek lok hom na die vuurtjie toe... En nou het ons ‘n kat!	9 10 11 12
4	Maar...daar’s’n Pappie in ons huis, hy kyk die katjie aan: “Misrabele skepsel wat hy is! Waar kom die dier vandaan?”	13 14 15 16
5	Die katjie voel tog so verleë, hy word so bang, so bang! Ek fluister: “Toe maar, Kietsie, skat!” En druk hom teen my wang.	17 18 19 20
6	“Sjuu, Pappa! Hy kom uit die reën! Hy hoor wat Pappa sê. Hy’s nie ‘n mis... misskepsel nie! Ek wil hom so graag hê!”	21 22 23 24
7	Daar’s ‘n Mammie in ons huis, Sy sê: “Ag, Pappie, dan! As katjie hom mooi soet gedra, Dan bly hy, nè, ou man?”	25 26 27 28
8	Daar’s ‘n katjie in ons huis, ons speel te heerlik saam. Hy ronk en ronk so pr-prr-prr, en Ronkie is sy naam!”	29 30 31 32

Helene de Klerk

- 3.1 Noem **TWEE** emosies wat hierdie kindjie ervaar? (2)
- 3.2 Skryf die woorde in strofe 4 neer waar ons eindrym aantref. (1)
- 3.3 Wat is die kerngedagte van hierdie gedig? (2)

Totaal: 5

/5

4 **Die dagboek:** Die dagboekinskrywings van Shamiel

8 Maart 1965

Ek kon nie vandag by Noor-hulle gaan speel nie, want ek moes Pa gaan help gemmerbier aflewer. Ons is opgewonde, want ons Klopse het vandag nuwe klere gekry en 'n nuwe liedjie geleer. Ons het ook nuwe danspassies geleer.

Die heelyd wat ek hier in my dagboek skryf, dink my ma ek doen my huiswerk. Ek sê maar so, anders sal sy nooit vir my 'n kers gee nie.

7 Julie 1968

Gister was die verskriklikste dag in my lewe. Ons moes trek na 'n nuwe huis in Hanover Park. Niks lyk soos Hanoverstraat in Distrik Ses nie. Rose-hulle hou my duiwe vir my tot ek nuwe hokke vir my duiwe hier by die nuwe huis in Hanover Park gebou het. Om te dink my duiwe sou vir 'n paar weke nie by my wees nie! Ek het immers vir hulle geleef! Dis regtig aaklig hier. Dis net stof en wind! Ma moes vanoggend vieruur opstaan om eers die bus en dan die trein te haal om betyds by haar werk in die stad te wees.

12 Augustus 1968

Rose-hulle het vandag my duiwe gebring. Die stootskrapers het hul huis ook platgestoot. Ons was beide hartseer en opstandig, maar dit was lekker om weer vir Rose te sien. Rose-hulle woon nou in Mitchells Plain.

12 Desember 1968

Dis nou vier maande vandat my duiwe hier in Hanover Park is. Ek wil hulle graag weer laat vlieg, maar ek is bang dat hulle nie weer sal terugkom nie. Tóg laat ek hulle los om te vlieg.

19 Desember 1968

My duiwe het toe nooit weer teruggekom nie. Ek wil nooit weer duiwe hê nie!

- | | | |
|------------|---|------------|
| 4.1 | Hoe weet ons dat Shamiel-hulle nie elektrisiteit in hulle huis in Distrik Ses gehad het nie? | (1) |
| 4.2 | Hoe dink jy het Shamiel-hulle Nuwe Jaar gevier? | (2) |
| 4.3 | Hoe weet ons dat Shamiel en Rose nou nie meer in dieselfde voorstad van Kaapstad gewoon het nie? | (2) |
| 4.4 | Noem TWEE <u>emosies</u> wat Shamiel ervaar het. Bespreek. | (2) |
| 4.5 | Waarom is die gebeure in hierdie dagboek <u>geloofwaardig</u>? | (1) |
| | Totaal: 8 | /8 |
| | GROOT TOTAAL: 25 | /25 |

Die koerantberig: Brandweermanne red hond uit teepot

Wellington –

1	Brandweermanne in Gisborne, Nieu-Seeland, is <u>Donderdag</u> gevra om 'n klein hondjie, waarvan die kop in 'n <u>teepot</u> vasgesit het, te red.	1 2
2	Mike Milne, 'n brandweerman, het aan die <u>radiostasie</u> , <i>Newstalk</i> , vertel dat hulle na die noodoproep eers onder die <u>indruk</u> was dat dit 'n menslike baba was wat in die teepot vassit.	3 4 5
3	“ <u>Ons het al die pad daarheen probeer uitpluis hoe om die baba se kop uit die teepot te kry</u> . Ons was net verlig dat die baba ten <u>minste</u> deur die tuit sou kon asemhaal,” het Milne vertel.	6 7 8
4	Dit was egter nie 'n menslike baba nie, maar 'n klein Amerikaanse pitboel wat sy kop by die pot ingewurm het.	9 10
5	“Ons moet hierdie klein hondjie bevry,” het Mike Milne gesê.	11
6	Dit het gelukkig nie duur tegnologie <u>geverg</u> om die 10 weke oue hondjie te bevry nie. 'n Hamer en net so 'n paar tikkies en die hondjie was binne enkele minute vry.	12 13 14
7	<u>Die hondjie het net 'n klein snytjie op sy snoet oorgehou</u> en het sommer weer <u>vinnig</u> al stertswaaiend begin snuffel na die volgende “ongeluk”.	15 16 17
1	Skryf reël 11 oor as 'n <u>bevelsin</u>.	(1)
2	Skryf die <u>onderwerp</u> in reël 11 neer.	(1)
3	Skryf die <u>voorwerp</u> in reël 11 neer.	(1)
4	Is reëls 1&2 'n voorbeeld van 'n <u>saamgestelde-</u> of 'n <u>veelvoudige</u> sin?	(1)
5	Skryf die <u>onderstreepte</u> sin in reëls 6&7 in die <u>teenwoordige tyd</u>.	(1)
6	Skryf die <u>onderstreepte</u> deel in reël 15 in die <u>toekomstige tyd</u>.	(1)
7	Skryf reël 11 in die <u>ontkennende vorm</u>.	(1)
8	Gee die <u>trappe van vergelyking</u> vir die <u>onderstreepte</u> woord in reël 16.	(1)
9	Skryf die <u>teenwoordige deelwoord</u> in reël 16 neer.	(1)
10	Skryf die <u>bywoordelike uitbreiding /sinsnede van plek</u> in reël 5 neer.	(1)
11	Skryf die <u>byvoeglike bepaling van die voorwerp</u> in reël 2 neer.	(1)
12	Vorm 'n <u>afgeleide werkwoord</u> van die <u>onderstreepte</u> woord in reël 4.	(1)
13	Skryf die <u>samestelling</u> in reël 5 neer.	(1)
14	Gee die <u>meervoud</u> vir die <u>onderstreepte</u> woorde in reël 2.	(1)
15	Skryf reël 11 in die <u>indirekte rede</u>.	(1)
Totaal: 15		/15

Teken in 'n dagboek van 120-140 woorde aan van die onderskeie ondervindinge wat jy tydens 'n toer meegemaak het.

Rubriek

Onderwerpgebonde, inhoud en interessant:	1	2	3	4	5
Chronologiese opeenvolging van gebeure:	1	2	3	4	5
Taalgebruik, woordeskat en woordorde:	1	2	3	4	5
Formaat, beplanning en paragrafering:	1	2	3	4	5

Of

Skryf 'n verhalende opstel van 120-140 woorde oor EEN van die onderstaande onderwerpe.

Gelukkig is die nagmerrie verby. / Dit was al die tyd toe net 'n droom.

Rubriek

Onderwerpgebonde, inhoud en interessant:	1	2	3	4	5
Chronologiese opeenvolging van gebeure:	1	2	3	4	5
Taalgebruik, woordeskat en woordorde:	1	2	3	4	5
Beplanning en paragrafering:	1	2	3	4	5

EN

Skryf 'n koerantberig van 80-100 woorde oor EEN van die onderstaande.

Die Jakarandafees. / Die moordenaar word vasgetrek.

Rubriek

Onderwerpgebonde, inhoud en interessant:	1	2	3	4	5
Feite, inleidende- en slotparagraaf:	1	2	3	4	5

of

Skryf 'n vriendskaplike brief van 80-100 woorde oor EEN van die onderstaande onderwerpe.

Rig 'n brief aan jou pa en vertel hom wat jy vir die hokkietoer benodig. / Vertel aan jou vriend/in hoe jy die inbreker betrap het.

Rubriek

Onderwerpgebonde, inhoud en interessant:	1	2	3	4	5
Taalgebruik, woordeskat en formaat:	1	2	3	4	5

Memorandum

Vraestel 1

Afdeling B

Luister en praat

Die legende:Maskai, die muskietjagter van Malawi

- 1 Muskiete wat hulle dood veroorsaak het, het hulle gesteek. (1)
- 2 By die rivier. (1)
- 3.1 **Maskai** word as die held beskou.
- 3.2 Hy het 'n gifmengsel oor die vuurballe, wat die muskiete gelok het, gespuit. (2)
- 4 **Maskai** is die hoofkarakter in hierdie legende. (1)

Vraestel 2

Afdeling A

Leesbegrip

- 1 **Die mite:** 'n Gedeelte uit: Die Olimpiese Spele
 - 1.1 By Olimpia in die weste van Griekeland. (2)
 - 1.2 Aangesien geen vroue toegelaat is om deel te neem nie. (1)
 - 1.3.1 Hulle het maande lank geoefen.
 - 1.3.2 Hulle het gesond geëet.
 - 1.3.3 Hulle het hul lywe met olie gesmeer sodat dit mooi kon lyk vir die gode.
 - 1.3.4 Hulle het vir die eerste prys gekompeteer. **(slegs TWEE)** (2)
 - 1.4 Aangesien hier sprake van gode is. (1)
 - 1.5 Hardloop. / Verspring. / Spiesgooi. / Diskusgooi. **(slegs EEN)** (1)
 - 1.6 Vroue mag aanvanklik nie deelgeneem het nie, maar vandag mag hulle wel deelneem. /
Aanvanklik het hoofsaaklik atlete aan die Olimpiese Spele deelgeneem, maar vandag word alle sportsoorte beoefen. /
'n Krans van lourierblare is aanvanklik op die wenner se kop gesit, maar vandag kry die eerste drie wennerse 'n medalje wat om hul nekke gehang word. **(slegs EEN)** (1)
- 2 **Die instruksieteks:** Maak 'n vrugteslaai
 - 2.1 'n Mens kan nie die lemoensap oor die vrugteslaai uitdruk, alvorens die vrugte nie in die vrugteslaaibak is nie. (1)
 - 2.2 Die lemoen word nie in stukkies gesny en by die vrugteslaai gevoeg nie. (1)
 - 2.3 Aangesien die werkwoord daarop dui wat gedoen moet word. (1)
 - 2.4 Enigien wat 'n vrugteslaai wil maak, volg die bostaande instruksies. (1)

3 Die gedig: Ronkie

- 3.1 Hartseer.
- 3.2 Opgewondenheid.
- 3.3 Verlange na 'n kat. (**slegs TWEE**) (2)
- 3.2 “ Maar... daar's 'n Pappie in ons huis,
hy kyk die katjie **aan**:
“Misrabele skepsel wat hy is!
Waar kom die dier **vandaan**?” (1)
- 3.3 Die kindjie wou hê die katjie moes bly, aangesien hy/sy baie graag een wou hê. Hy/sy was baie bly toe die katjie kon bly. /
Hy/sy het die katjie jammer gekry en was bly toe sy/haar pa sê dat die katjie kon bly. (**enige antwoord is aanvaarbaar**) (2)

4 Die dagboek: Dagboekinskrywings van Shamiel

- 4.1 Aangesien hy sy dagboekinskrywing van 8 Maart 1965 by kerslig
gedoen het. (1)
- 4.2 Hulle het gedans en gesing. (2)
- 4.3 Shamiel het in Hanover Park gewoon, maar Rose het in Mitchells Plain
gewoon. (2)
- 4.4.1 Hy was **opgewonde** oor sy nuwe klere / om Rose weer te kon sien.
- 4.4.2 Hy het in **opstand** gekom omdat hulle moes trek.
- 4.4.3 Hy was **ontevrede** met sy nuwe omstandighede.
- 4.4.4 Hy was **hartseer** omdat al die huise in Distrik Ses platgestoot is. /
Sy duiwe nie weer teruggekome het nie.
- 4.4.5 Hy was **ongelukkig** omdat sy ma so vroeg moes opstaan om betyds by haar
werk te wees. / Hy het haar **jammer** gekry.
- 4.4.6 Hy het na sy duiwe **verlang**. (**slegs TWEE**) (2)
- 4.5 Enige realistiese antwoord wat verband hou met die bostaande dagboek. (1)

Vraestel 2

Afdeling B

Taal

Die koerantberig: Brandweermanne red hond uit teepot

- 1 Die bevelsin
"Julle moet hierdie klein hondjie bevry!" het Mike Milne gesê. (1)
- 2 Die onderwerp
"**Ons** moet hierdie klein hondjie bevry," het Milne gesê. (1)
- 3 Die voorwerp
"Ons moet **hierdie** klein **hondjie** bevry," het Milne gesê. (1)
- 4 'n Saamgestelde- of veelvoudige sin
'n Saamgestelde sin. (1)
- 5 Die teenwoordige tyd
Ons probeer al die pad daarheen uitpluis hoe om die baba se kop uit die teepot te kry. (1)
- 6 Die toekomstige tyd
Die hondjie sal net 'n klein snytjie op sy snoet oorhou. (1)
- 7 Die ontkennde vorm
"Ons moenie hierdie klein hondjie bevry nie," het Mike Milne gesê. (1)
- 8 Die trape van vergelyking
Vinnig vinniger die vinnigste (1)
- 9 Die teenwoordige deelwoord
Die klein hondjie het sommer weer vinnig **al stertwaaierend** begin snuffel. (1)
- 10 Die bywoordelike uitbreiding van plek
In 'n teepot (1)
- 11 Die byvoeglike bepaling van die voorwerp
Hulle moes 'n **klein** hondjie red. (1)
- 12 Die afgeleide werkwoord
Beïndruk (1)
- 13 Die samestelling
teepot (1)
- 14 Die meervoud
Teepotte (1)
- 15 Die indirekte rede
Mike Milne het gesê dat hulle daardie klein hondjie moet bevry. (1)

Naslaanbronne

Vraestel 1

Afdeling A

Hardoplees

Die storie: Vergewe en vergeet.

Almal Verstaan Afrikaans
Macmillan, 2012
R.Ferreira, M. van den Heever

Vraestel 1

Afdeling B

Luister en praat

Die legende: Maskai, die muskietjagter.

Platinum Afrikaans Huistaal
Maskew Miller Longman, 2012
J.Biesenbach, A.Engelbrecht,
C.Henning, L.Hofmeyr, J.Hugo,
W.Louw, M.Mihai, R. van Oort,
R. van Rooy

Vraestel 2

Afdeling A

Leesbegrip

Die mite: Die Olimpiese Spele.

Almal Verstaan Afrikaans
Macmillan, 2012
R.Ferreira, M.van den Heever

Die instruksieteks: Maklike vrugteslaai.

Platinum Afrikaans Huistaal
Maskew Miller Longman, 2012
J.Biesenbach, A.,Engelbrecht,
C.Henning, L.Hofmeyr,J.Hugo,
W.Louw, M.Mihai, R.van Oort,
R.van Rooy

Die gedig: Ronkie

Klein Verseboek
Saamgestel: D.J.Opperman
Tafelberg-uitgewers, 1959
Helene de Klerk

Die dagboek: Dagboek van Shamiel.

Platinum Afrikaans Huistaal
Maskew Miller Longman, 2012
J.Biesenbach, A.Engelbrecht,
C.Henning, L.Hofmeyr, J.Hugo,
W.Louw, M.Mihai, R. van Oort,
R. van Rooy

Vraestel 2

Afdeling B

Taal

Koerantberig: Brandweer red hond

Almal Verstaan Afrikaans
Macmillan, 2012
R.Ferreira, M. van den Heever